

**5 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 18:1-8**  
**Fokusgedeelte: Lukas 18:1**

### **Bid met volharding**

Hoeveel keer het jy al gebid en gevoel asof God nie hoor nie? Hoeveel keer was jy al moedeloos en het jy die gevoel gehad dat selfs gebed nie meer help nie? In hierdie gelykenis van Lukas 18 bemoedig Jesus self sy dissipels om aan te hou bid sonder om moedeloos te word. Ons lees dit op baie plekke in die Bybel. Kyk maar na 1 Tess 5:17: “Bid sonder ophou” en na Kol 4: “Volhard in die gebed”. In ons gelykenis praat Jesus van ‘n regter. Dit is na hóm wat die weduwee gaan, maar hy is ‘n harde man – hy vrees nóg God nóg die mens. Hoewel hy nie eers na haar luister nie, gaan sy elke keer maar weer terug. Haar geloof in sy regspraak dryf haar om te volhard sonder om moedeloos te word. Christus tref ‘n vergelyking tussen die weduwee en ons as bidders! Waar sy egter met ‘n harde en ongenaakbare mens te doen het by wie géén ontferming te vind is nie, het ons in ons gebede met ons hemelse Vader te doen wat vol liefde, ontferming en barmhartigheid is. Daarom kan ons maar elke keer weer terugkeer na Hom in gebed. Deur hierdie geloof kan ons elke keer weer bid! Volhard daarom in jou gebede, want God sal jou op sy tyd en op sy wyse verhoor.

Sing: Psalm 66:8

Ds NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)